Kommunikasie (c)

Graad 6

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Die belangrikheid van kommunikasie te leer.
2. Se belangstelling in die verskillende kommunikasie mediums te prikkel.
3. Te laat besef dat verskillende kommunikasie mediums voor en nadele het.
4. Te laat besef dat God die eerste kommunikeerder was.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Weet dat Godsdiens ‘n medium van kommunikasie is.
2. Weet:
   - wat die woord kommunikasie beteken.
   - waarom mense kommunikeer.
   - hoe mense met sintuie, hande en liggaamshouding kommunikeer (lyftaal).
3. Weet watter soort kommunikasie middele in die verlede gebruik was.
   - Weet hoe morsekode skriftelik lyk, hoe dit klink en ook die SOS sein ken
   - Weet hoe die semafoor vlae lyk en bekend stel aan die alfabet.
   - Bewus wees van die kommunikasie dae in Die Voortrekkers.
4. Kennis dra van die volgende maniere om te kommunikeer:
   - Telefoon:
     - die volgende telefone kan gebruik: huisfoon, publieke foon en selfoon.
     - bespreek as groep die voor en nadele van elkeen.
     - ‘n boodskap met faksmasjien kan stuur.
     - Weet hoe om ‘n boodskap te luitster op ‘n antwoordmasjien.
   - Rekenaar:
     - die internet kan gebruik.
     - Die voor en nadele van die internet verstaan en besef.
     - ‘n boodskap met e-pos kan stuur en ontvang.
     - Weet van die verskillende webblaaie van Die Voortrekkers soos Hoofblad, Gebiede, Verkenners, Penkop en Drawwertjie, Volwasse asook kampe en kommandos.
   - Televisie, radio en video:
     - populere televisie programme se voor en nadele bespreek.
     - Weet hoekom daar ouderdoms beperkings op programme is.
     - Die bestaansreg van die radio teenoor die televisie bespreek.
     - ‘n radiostasie op ‘n kamp beman. (indien moontlik)
     - ‘n besoek aflê aan die plaaslike radiostasie. (indien moontlik)
   - Gedrukte media:
     - die voor- en nadele van gedrukte media bespreek.
     - Een berig skryf vir die kampkoerant, skoolkoerant of Hou Koers.
   - Gestremdes:
     - Kennis maak met vingertaal
     - Kennis maak met braille en hoe die skrif lyk
     - sy eie naam met vingertaal spel.
5. Kennis dra van noodseine wat op see en land gebruik word.
6. Noodseine kan gee met ‘n fluitjie of flits.
7. Die Voortrekker hand- en fluitseine kan gee en gehoorsaam.

C AANBIEDING

1. Die kind te laat besef dat God die mens die vermoe gegee het om verskillende kommunikasie mediums te ontwikkel en die mens die verantwoordelikheid het om dit positief te gebruik.
2. Die vereistes is baie duidelik. Dit sal weereens van u deeglike voorbereiding vra.
3. Gee voldoende tyd dat al die kinders die praktiese ervaring opdoen en baasraak. Hou hulle buite mekaar se hoorafstand sodat hulle net van die seine afhanklik is.